**2 November** **Skrifgedeelte: Matteus 22:1-4 (NAV)**

**Bruilofsgaste**

God het reeds in die Ou Testament "slawe" gestuur om mense op te roep vir die groot fees van die lewe met Christus. Ongelukkig het die Israeliete die uitnodiging nie aanvaar nie. Hy het weer uitnodigings gerig deur Johannes die Doper, die apostels en toe Jesus self. Die reaksie was teleurstellend: Van uittartende onverskilligheid tot blatante vyandskap! Jesus is selfs gekruisig. Daarom het die Here die Jode in 70 nC gestraf. Die pragtige tempel en Jerusalem is deur die Romeinse leërs verwoes. Die Jode wat nie doodgemaak is nie, is wêreldwyd uitmekaar gejaag.

God se Raadsplan kan nie deur hardkoppige mense gedwarsboom word nie. Die koning stuur weer slawe uit – nou na die heidennasies. Die feessaal moet vol word. Slegtes en goeies stroom na die feessaal.

Die wonderlike uitnodiging het ons ook bereik! God het ons lewens wonderbaarlik verander van kleurlose straatlopers met vuil klere tot bruilofgaste met feesklere! Ons "ou sondige mens wat deur sondige begeertes verteer word" moet uitgetrek word en die feesklere van "mense wat as beeld van God geskep is" moet aangetrek word (Ef 4:22-24). Ons moet dit voortdurend doen (HK, Sondag 33).

Dink net hoe ’n bespotting maak ons van die Koning as ons ondankbaar sonder die feesklere van goeie werke in sy feessaal aansit (Op 7:13, 14;19:8). Geniet die fees saam met Jesus Christus! Pas net op dat jy nie die ongelukkige gas is wat uitgegooi word nie!

*Sing: Skrifberyming 9:4, 5* *Ds. APC Duvenage (Emeritus)*